

Woensdag 1 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 14

Fokusgedeelte: Openbaring
14:1

Ons verskyn as gereddes voor ons Verlosser

Vers 1: *En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe* (Op. 14:1, 1953-vertaling).

In hoofstuk 7 word die uitverkorenes van die Here verseël sodat hulle nie verlore sal gaan nie. In hoofstuk 14 is hulle inderdaad nie verlore nie! Daar is almal van hulle in die hiernamaals in die koninkryk van God! Die openbaring is duidelik: Die gereddes is almal deur die Here Jesus beveilig en gered. Dit is die 144 000 waarna hoofstuk 7 verwys.

Die openbaring verdiep. Let op die volgende: In hoofstuk 7 word hulle verseël. In hoofstuk 14 dra hulle die Naam van die Here Jesus Christus en die Naam van sy Vader op hulle voorkoppe. In hoofstuk 7 is hulle die uitverkorenes wat deur die Lam gekoop is, en hulle is deel van 'n skare wat niemand kan tel nie ... *daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam* (Op. 7:9, 1953-vertaling).

In hoofstuk 14 staan hulle saam met die Lam op die berg! ... *kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend* (Op. 14:1, 1953-vertaling). Die Sionsberg het verskillende betekenis, wat almal die heiligheid van God gemeen het, met mekaar. *Dis die plek waar God bly: Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans* (Ps. 50:2, 1953-vertaling).

Meteens is die tafereel heeltemal anders as die openbaring van hoofstuk 13. Niemand word meer vervolgt nie! Almal is openlik saam met die Here – niemand kruip meer weg nie! Almal is oorwinnaars! In die vorige hoofstuk was hulle veroordeeldes en vermoordes.

Waar hulle tydens die aardse lewe beletsel was met sonde en bloed, is hulle nou algehele uitstralers van God se heerlijkheid. Hulle het hulle in die wêreld nie vir God en sy Naam geskaam nie. Hulle het vir Hom gely en is vir Hom doodgemaak. Nou verheerlik God hulle! Hulle mag nou tot in alle ewigheid naby die Lam wees en bestaan. Hulle aardse getuie word nou nog meer openlik gemaak – hulle kry die fisiese merkteken van God op hulle voorkoppe. Dis ons waarvan hier geopenbaar word!

Sing: Skrifberyming 18-5:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)